

GAAN (NEO) LIBERALE KAPITALISME VIR 'N TWEDE KEER DIE WêRELD IN RAMPSPOED DOMPEL?

Sampie Terreblanche

Vanaf 1846 het Brittanje op grond van die (twyfelagtige) ekonomiese “wette” wat die ekonoom David Ricardo geformuleer het, Laissez-faire kapitalisme beoefen en Brittanje se vryhandel empire uitgebou ten koste van die Suide.

In die laaste kwart van die 19de eeu het die neo-klassieke skool van ekonome hulle teorieë geformuleer waarvolgens ‘n vryemark-ekonomie as ‘n natuurlike self-regulerende meganisme voorgelê is. Hulle het toegegee dat daar aanpassingsprobleme kan ontstaan, maar dat die staat nie met die ekonomie moet inmeng nie omdat dit teen die grein van die “ekonomiese wette” sal gaan en nadelige gevolge sal hê.

Dit is verbasend hoe baie hoofstroom ekonome en kapitaliste al vir byna twee eeue volhard met die idee (die ydele geloof) dat die kapitalistiese ekonomie nie ‘n mensgemaakte ding (‘n “sosiale konstruksie”) is nie, maar op natuurlike (en godgegewe) wette gebaseer is en daarom ‘n “natuurlike konstruksie” is wat spontaan tot die heil van die mensdom funksioneer.

Die Laissez-faire kapitalisme van die 19de eeu het nie op globale ewewig uitgeloop nie, maar op meedoënlose imperiale mededinging tussen die groot moondhede. Dit het tot die Eerste Wêreldoorlog gelei.

Gedurende die “roaring twenties” het die VSA ‘n Laissez-faire beleid *per excellence* gevolg en geglo dat hulle besig was om op die maat van die Charleston te dans na ewigdurende voorspoed! Oordrewe spekulاسie het gelei tot die ineenstorting van die Wall Street se aandelebeurs op 29/10/1929. Die Amerikaanse volksproduk was in 1933 byna die helfte kleiner as in 1929, aandeelpryse het van 250 na 34 gedaal (1926 = 100) en die vlak van 250 is eers weer in 1954 bereik.. Ekonomiese ellende het wêreldwyd – en veral na die Suide – uitgekring.

Franklin Roosevelt se New Deal beleid – wat van 1933 toegepas is om die nadele van die Depressie te beredder – het neergekom op grootskeepse staatsinmensing. In 1936 het JM Keynes die teoretiese regverdiging vir staatsinmensing en vir ‘n “gemengde” vorm van kapitalisme verskaf. Hy het ‘n oortuigende saak uitgemaak dat die “mark” en die “staat” *komplementêre* rolle het om te speel om werkloosheid, ongelykheid- en armoede uit die weg te ruim.

In 1944 het Keynes ook 'n belangrike rol gespeel toe die Wêreldbank en die Internasionale Fonds by Bretton Woods gestig is. Keynes het daarop aangedring dat streng regulasies neergelê moes word om die vloeï van kapitaal tussen lande te reguleer en om oordrewe spekulasies op geld- en kapitaalmarkte – wat hy as die bron van alle kwaad beskou het – te voorkom.

In die dertig jaar na die Tweede Wêreldoorlog was al die Westerse lande se ekonomiese beleid op Keynes se sosiaal-demokratiese benadering gebaseer. Die staat se deelname in die ekonomie het aansienlik toegeneem. Hierdie tydperk staan bekend as die Goue Era van gemengde kapitalisme toe alle beleidsdoelstellings verwesenlik is: 'n hoë groeikoers, redelike volle indiensneming en prys- en wisselkoersstabiliteit is behaal en inkome is gelyker verdeel.

Die 1970s was vir die VSA 'n slegte dekade: die Vietnamese oorlog en die Egipties-Israelse oorlog van 1973 is verloor, OPUL het oliepryse van \$4 na \$40 'n vat laat styg, die Watergate skandaal het die VSA geruk en die Iranese revolusie van 1979 het 'n tweede oliekrisis geskep.

Om aan die stagflasië van die sewentigerjare te ontsnap, het Thatcher en Reagan hulle radikale regse “draai” na neo-liberale kapitalisme gemaak in 'n poging om hulle lande se probleme op te los, ongeag die negatiewe effek wat dit op die res van die wêreld sou hê.

Ek gee toe dat die vinnige groei van die welvaartstaat tot burokratiese rompslomp gelei het wat uit die weg geruim moes word. Dit was egter nie genoeg rede vir Thatcher en Reagan om die ideologie horlosie oor kapitalistiese aangeleenthede na die 19de eeuse Laisses-faire benadering terug te draai nie.

Die slagspreuke van die neo-liberale ideoloë is sedert die 1980s die volgende: “rol terug die staat”, “laat alles aan die mark oor”, “die mark weet beter”, “*there is no alternative*” (TINA) vir ongebreidelde vryemarkkapitalisme nie.

Die praktiese beleidsmaatreëls wat Reagan en Thatcher getref het, was privatisering, grootskeepse deregulering van kapitaalvloeï en van die reëls wat op Transnasionale korporasies (TNK) van toepassing was, vermindering van korporatiewe belasting en sogenaamde internasionale vryehandel. Terselfdertyd het die Noorde – onder leiding van die VSA – nuwe metodes gevind om die Arm Suide uit te buit soos wat reeds vir eeue gebeur. Sedert 1980 het die inkome in Brits-Amerikaanse lande baie ongelyker verdeel geraak.

In 1970 was daar minder as 10 000 TNKs, tans is daar meer as 50 000 waarvan ongeveer 40 000 VSA gebaseer is. Hierdie TNKs en die sowat 200 Internasionale Monetêre Instellings (IMI) herskik oor ongelooflike mag en invloed. Hulle was sedert 1980 verantwoordelik vir 'n "silent takeover" van die mag van die regerings van die groot Westerse lande.

Sedert 1980 het die vergoedingspakket van die uitvoerende amptenare van TNKs en IMIs hemelhoog gestyg. Gulsigheid, hebsug, materialisme en oordrewe individualisme (elkeen vir homself en die duiwel vir die res) het die kulturele kenmerke van die Amerikaanse beheerde neo-liberale globale kapitalisme geword. Mev Thatcher vra in die 1980s of daar "so iets soos 'n gemeenskap in Brittanje is". Wat haar betref, is alle Britte rotte wat in 'n sak saamgebind is!

Harvey Cox het in 1999 'n artikel geskryf oor "The Market as God" wat die ethos van die neo-liberale kapitalisme kernagtig saamvat. Volgens hom gaan die Christelike godsdiens uit van die veronderstelling dat God *Almagtig* is, *Alwetend* is en *Alomteenwoordig* is. Volgens Cox maak markfundamentalisme op dieselfde dinge aanspraak.

Die dogmatiese voorstanders van neo-liberale globale kapitalisme (waarvan daar hopeloos te veel in Suid-Afrika is), wil hê dat die ekonomie moet volledig aan die genade en aan die totale mag van die groot korporasies en die MARK oorgelaat word ongeag die feit dat nóg die korporasie nóg nie Mark effektief tot verantwoording geroep kan word. 'n Mens kan die MARK volgens hulle vertrou, want hy is oral teenwoordig om markdeelnemers saam te sleep en hulle te "cocokolonialiseer". Gelukkig wéét die Mark volgens die markaanbidders wat die behoeftes van die verbruikers is en wat in hulle beste belang is, want die MARK het in elk geval die behoeftes (deur "*consumerism*") in die harte en die niere van die verbruikers ingeplant!

Boonop sorg die MARK dat inkome steeds opwaarts verdeel word sodat die rykes ryker en die armes (wêreldwyd) armer word. Dit is geen wonder dat ryk Westerse mense die Mammogod van markfundamentalisme so met oorgawe aanbid nie!

Toe Enron en die ander TNKs sedert 2001 bankrot gespeel het, moes die Amerikaners die skrif aan die muur gelees het en besef het die hulle beleid van die *deregulasie* 'n formule is wat op chaos gaan uitloopnet soos Laisses-faire kapitalisme aan die begin van die 20ste eeu.

Die mag, en die ideologiese tonnelvisie van die TNKs en IMIs het sedert 2001 voorkom dat voorkomende maatreëls getref kon word om die oordrewe spekulاسie op geld- en kapitaalmarkte aan bande te lê. Die "bubble" moes een of ander tyd bars!

Die krisis in New York is 'n ernstige bank- en ekonomiese krisis waarvan die einde nog lank nie in sig is nie. Maar dit is eintlik 'n *ideologiese* krisis. Die "sloganeering" wat sedert 1980 deur neo-liberale ideoloë gepropageer word, het 'n groteske leuen geblyk te wees. Die redakteur van die Newsweek, Fareed Zakaria, het skielik die lig gesien en skryf op 29 September: "*The real trick is [for the state] to craft good regulations that allow markets to work well*".

Ek weet nie hoe groot die huidige krisis is en hoe lank dit gaan aanhou nie. Dit het die Westerse wêreld aan die begin van die 20ste eeu 30 jaar geneem om – te midde van groot pyn en lyding – tot die besef te kom dat Laissez-faire kapitalisme intellektueel en moreel bankrot was.

Ek weet ook nie hoe lank en hoeveel pyn en lyding dit gaan verg om al die neo-liberale propaganda (= spinnerakke) uit die koppe van die hoofstroom ekonome, die skatryk kapitaliste en die magtelose regeerders se koppe te veeg nie. Tot tyd en wyl dit gebeur, kan die krisis voortwoeker en vererger. Gelukkig word die krisis beter hanteer as die een van 1929.

Ons staan hopelik op die daeraad van 'n nuwe ideologiese tydvak. Hopelik sal dit 'n tydvak wees waarin die staat goeie regulasies in ere sal herstel, en waarin die magsbalans tussen demokrasie en kapitalisme weer herstel sal word. Dit sal hopelik 'n tydvak waarin demokrasieverkose regerings hulle verantwoordelikheid sal nakom om sosiale moraliteit in die huidige immorele wêreld tot sy reg te laat kom en 'n tydvak waarin die Noorde sal ophou om die Suide te plunder en sal begin om die skuldlas wat oor 500 jaar teenoor die Suide opgebou is, te begin terugbetaal.

Ongelukkig sal dit nog 'n tyd neem voor die son weer gaan skyn.

Sampie Terreblanche
Emeritus Prof in Ekonomie
Universiteit van Stellenbosch

(021) 808-2246